# Literêre geskiedskrywing en/as persoonlike perspektief*

**Henriette Roos**

## Opsomming

In hierdie beskouing word verslag gedoen oor die skryf van 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis, die geheel hersiene nuwe uitgawe van *Perspektief en profiel* waartoe die skrywer die afdeling oor die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu bygedra het. As deel van die deurlopende debat omtrent die beperkinge van en verwagtinge vir 'n literatuurgeskiedenis binne 'n multikulturele en multitalige Suid-Afrika, word die keuses ten opsigte van 'n teoretiese en praktiese raamwerk vir hierdie spesifieke onderneming bespreek. Die outeur se benadering was om die Afrikaanse letterkunde binne die groter Suid-Afrikaanse literêre sisteem te plaas, en om die teks as integrale deel van die sosiopolitieke werklikheid te interpreteer. Probleme betreffende kanonisering van outeurs, tekste en tendense word bespreek. Die finale produk moet beoordeel word as slegs een perspektief op 'n subjektiewe seleksie van literêre gegewens, 'n perspektief wat voortdurend hersien kan word met die verskyning van nuwe navorsing en nuwe lesers.

## Summary

This essay reflects the verbal report on the progress in writing of a new Afrikaans literary history, given at a SAVAL miniconference on literary historiography during March 1993. The author was asked to contribute a survey of twentieth century Afrikaans prose works for the completely revised edition of a well-known text, *Perspektief en profiel*. Taking into consideration the ongoing debate about the nature and limitations of and expectations for a history of literature in a multicultural and multilinguistic South Africa, the theoretical and actual framework chosen and drawn up for this specific project, is discussed. The placing of Afrikaans literature within the larger system of South African cultural expression, and the interpretation of the literary text as an integral part of socio-political reality, characterize the author's approach to the writing of the new text. Problems concerning canonization of texts, authors and literary periods are discussed. The fact that the final product should be seen as only one perspective on subjectively selected literary events, a perspective that should be continuously revised through new academic publications, individual studies by postgraduate students and reappraisals by other readers, is stressed.

## 1

Wat ek hierna voor u gaan lê, is die beskrywing van 'n spesifieke literatuurgeskiedenis wat tans in wording is.

## 2

Die aanloop tot hierdie bepaalde onderneming is 'n versoek wat gedurende Mei 1991 aan my gerig is om 'n bydrae te lewer vir 'n geheel hersiene uitgawe van daardie bekende, selfs ietwat ouderwetse handboek by die studie van die Afrikaanse letterkunde, naamlik *Perspektief en profiel*. Die opset van die bestaande 1982-uitgawe (die vyfde hersiene een) bestaan uit 'n "Perspektief"-gedeelte waarin oorsigtelik en deur drie verskillende geskiedskrywers 'n chronologiese beskouing gedoen is van "dit wat tot die geskrewe letterkunde in Afrikaans gereken is" (Nienaber 1982: 16). Al drie die genres is as 'n eenheid, en binne die bestek van 200 bladsye, behandel. Daarna het die "profiele" gevolg: twee-en-vyftig "skrywersportrette" waarmee deur die verskillende medewerkers kortliks (maar soms ook heel uitgebreid) op een uitverkore figuur se lewe en werk gefokus is.

Die opset van die beplande nuwe uitgawe sal verskillende wysigings vertoon; vir die doel van hierdie referaat is die interessantste een die besluit om in die "Perspektief"-gedeelte die drie genres in heeltemal afsonderlike afdelings te behandel. Dit was dan my taak om 'n historiese oorsig van die twintigste eeuse Afrikaanse prosa te doen. Die bydrae moes binne die beperkte omvang van sestig gedrukte bladsye afgehandel word, en dat dit nou eers voltooiing nader, hang in 'n groot mate saam met my voortdurende bewuswees van juis daardie tweeledige problematiek waarna ek ter inleiding verwys het. Veral die debatvoering rondom die tweede vraag, naamlik die aard en bestaansreg van die literêre geskiedskrywing as sodanig, het die afgelope tyd intensief toegeneem: in die vorm van uiteenlopende teoretiese denkrigtings, in die baie kritiese besware teen bestaande, en konvensionele publikasies, en deur die verskyning van enkele tekste waarin daar inderdaad op alternatiewe wyse omgegaan is met die literatuurgeskiedskrywing. Voordat ek kan begin skryf, het ek tentatief en *ad hoc* enkele riglyne vir my eie onderneming geïdentifiseer.

## 3

Ter aanvang moes die probleem beskou word van waarom en waaroor 'n

geskiedenis geskryf sal word. In een van sy opstelbundels oor die letterkunde, *Onsydige toets* (1965), bied Ernst Lindenberg as heel eerste bydrae sy beskouing oor dit wat hy noem: "'n Probleem van die Afrikaanse literatuurgeskiedenis." Aan die hand van 'n aantal destydse literatuurgeskiedenisse, maar veral met verwysing na die werke van Antonissen, bemerk Lindenberg herhaalde gevalle van inherente teenstrydighede, subjektiewe seleksies en verwisselbare kriteria ten opsigte van wat in die geskiedenis opgeneem is. Vir al daardie probleme meen Lindenberg (1965: 12) dat hy 'n eenvoudige oplossing kan bied; dit was dat die geskiedskrywer moes bly by: "'n geskiedenis van taalkunswerke in Afrikaans".

Dat dié eenvoudige stelling te eenvoudig geformuleer was, blyk wanneer in retrospeksie kennis geneem word van die toenemende onsekerheid oor en die kritiese kommentaar op dit wat die afgelope vyf-en-twintig jaar wel op die gebied van die Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing gepubliseer is. Die bevraagtekening van die onderwerp en aard van bestaande geskiedskrywing bereik 'n openbare klimaks rondom Kannemeyer se tweeledige *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* wat onderskeidelik in 1979 en 1983 verskyn het. 'n Verslag van die betrokke polemiek asook van tersaaklike vakwetenskaplike artikels daaromheen, is deur Botha (1988: 1-6) gedoen. Die gemeenskaplike faktor by al die uiteenlopende kritiek en kommentaar blyk 'n misnoeë met die oënskynlik isolerende, hiërargiserende en statusbevestigende inslag van die Kannemeyer-werk te wees.

Sedertdien is daar op sistematiese wyse binne kongresverband en deur individuele navorsing besin, geteoretiseer, gekritiseer en opnuut beplan (Malan 1988; Nethersole 1987; Van Vuuren 1991 is van die bekendste bydraes). In enkele gevalle is ook begin om die literatuurgeskiedenis volgens verskillende paradigmas te bedryf, soos byvoorbeeld die jaarlikse Sensal-oorsigte wat onder redaksie van Galloway vanaf 1983 verskyn het. Ook Viljoen (1986) se voorstel insake 'n Suid-Afrikaanse romansisteem, en die Marxisties-gefundeerde oorsigte van respektiewelik Coetzee (1990) en De Jong (1989), en die vergelykende literatuurgeskiedenisse van Afrika-letterkundes deur Gérard (1993) en van Ntuli en Swanepoel (1993) is belangrike bydraes binne die vernuwende konteks. In essensie het al die genoemde publikasies dalk dit gemeen: dat vir hierdie outeurs Lindenberg (1965) se voorkeur vir 'n geskiedenis van taalkunswerke, en dit betreffende een taal (Afrikaans, byvoorbeeld), kwalik aanvaarbaar is. Helize van Vuuren (1994) se "Recent Changes in South African Literary Historiography" sit daardie manifestasies van verandering en vernuwing helder uiteen.

Met inagneming van so 'n bestaande klimaat van kritiese ondersoek, innoverende bydraes en gewysigde norme, moes ek die vorm van literatuurgeskiedskrywing wat wel plaasvind in my eie "Perspektief op die Afrikaanse

prosa van die twintigste eeu" kon motiveer. Die eksplisering daaromheen wat hierna volg, hou primêr verband met my onderskrywing van Schmidt se uitspraak dat "Literary histories as *constructions* are motivated by social [spesifieke?] needs" (Schmidt 1985: 296, my beklemtoning en kommentaar).

## 4

Die uitgangspunte en perspektief waarvolgens ek my vormkeuse kon motiveer, het uiteindelik so gelyk:

### 4.1

Dit is *'n* perspektief op die Afrikaanse prosa; een wat rekening hou met aanvaarde en verskillende menings, maar wat ten slotte spruit uit subjektiewe voorkeure. Dit is dus nóg "'n beeld, 'n interpretasie van hoe ons onsself en ons kulturele produkte sien ...." (Van Vuuren 1991: 66).

### 4.2

Dit is bedoel as *aanvullende* perspektief tydens die letterkundestudie (Afrikaans) vir veral voorgraadse studente. Daarbenewens bied dit 'n breë raamwerk wat by wyse van nagraadse individuele studies of dié binne groepsverband ingevul, gekorrigeer of herstruktureer kan word (Malan 1988: 38).

In die loop van my navorsing en skryfwerk het hierdie spesifieke, laasgenoemde riglyn toenemend belangriker geword. Gesien die relatief beperkte omvang van die bydrae, kon dit nie daarna aspireer om meer as 'n aanvulling tot ander literatuurgeskiedenisse, of as raamwerk en voorstel vir 'n meer gedetailleerde beskouing, te wees nie. Mettertyd het dit egter geblyk dat dit nie meer as 'n raamwerk of voorstudie *wou* wees nie. In die afgelope twee, drie jaar is na my wete al hoe meer individuele studies, of studies binne kleiner groepverband oor geïsoleerde literêre periodes en tendense deur nagraadse studente, verskeie vakkundiges en selfs belangstellende leke gedoen. Soms is hierdeur geheel nuwe, maar in elke geval ten minste verruimende inligting gebring oor literêre gebiede wat deur die bestaande literatuurgeskiedenis 'n absolute, eenduidige plek toegeken is. Enkele voorbeelde wil ek tog hier noem, en dan ook net dié met betrekking tot die eerste kwart van die twintigste eeu. By die Universiteit van Natal is aan die einde van 1992 'n meestersverhandeling voltooi wat boeiende, dikwels onthullende insigte bring oor die aard en omvang van die dagboek/-

oorlogsliteratuur van net na 1900 (Lamprecht 1992); Mardelene Grobbelaar (1991) se proefskrif oor die verskyningsvorme van estetisisme en dekadentisme in Afrikaans het 'n hele nuwe perspektief op langgekoesterde evaluasies van gevestigde outeurs openbaar; in enkele artikels deur, onder andere, Bertelsman (1991), De Villiers (1991), John (1991) en Roos (1990; 1992) word bestaande kanoniserende en verabsoluterende uitsprake oor daardie vroeë periode van die prosageskiedenis, bevraagteken en grotendeels herskryf.

Dit lyk dus vir my al hoe meer 'n prinsipiële en praktiese onmoontlikheid dat deur een persoon as geskiedskrywer en met een teks as geskiedskrywing, selfs naastenby 'n geloofwaardige beeld, om nie eers te praat van 'n volledige en finale een nie, van die gang van die letterkunde gegee kan word.

## 4.3

Selfs met die aanvaarding van die feit dat die bydrae vir *Perspektief en profiel,* onder andere, 'n voorstel of raamwerk vir verdere navorsing wil wees, bly die vraag nog oor hoe spesifiek daar inligting moes kom oor daardie gegewens wat wel betrek en beskryf sou word. "A purpose-orientated literary history cannot and will not claim completeness or universality" (Schmidt 1985: 292). Die ensiklopediese volledigheid van byvoorbeeld Kannemeyer (en in 'n mindere mate ook dié van die werke van Dekker en Antonissen) is dus glad nie nagestreef nie. Daardie bestaande werke funksioneer in eie reg as bibliografiese bronne. In navolging van resente Europese literêr-historiese oorsigte, is dit wat met *Perspektief en profiel* beoog was "no compendium, but a handbook or textbook" (Schmidt 1985: 294).

Dit kan egter juis van 'n handboek verwag word om aan studente - die geïntendeerde lesergroep - 'n basiese oriëntasie in die vakgebied aan te bied, een wat aansluit by bestaande geskiedskrywing sonder dat dit die student/-leser aanspoor om ou aannames gedagteloos na te praat. Maar dan ook 'n oriëntasie wat, wanneer dit afwyk van die gekanoniseerde aannames, nie periferale verskynsels idealiseer of dit weer tot 'n nuwe kanon probeer verhef nie. Om 'n balans tussen volledigheid en geloofwaardigheid aan die een kant, en alternatiewe herinterpretasies aan die ander kant te behou, verg van 'n nuwe geskiedskrywing dat dit van ou en nuwe bronne sal moet kennis neem. Binne die vanselfsprekende ruimtebeperking, sal die nuwe "verslag" selektief van reeds gepubliseerde teksanalises, nuwe navorsing, bekende leesreaksies en van bestaande literatuurgeskiedskrywing gebruik maak. Om weer die eerste kwart van die twintigste eeu te betrek: die

geskiedskrywer wat vandag na daardie ouer periode kyk, moet die tekste ook lees met inagneming van resensies uit daardie tyd, en moet bewus wees van tydgenootlike polemieke soos dié oor Schoonees se eertydse gewraakte oordele en kritiek (Roos 1992; Schoonees 1927).

4.4

'n Aansluiting by die algemene Suid-Afrikaanse geskiedenis, maar met die kritiese fokus op 'n Afrikaanse/Afrikaner-perspektief, het in my oorsig plaasgevind. Vir hierdie spesifieke projek is die twintigste eeu omskryf as daardie tydperk wat 'n aanvang neem met die einde van die Tweede Suid-Afrikaanse oorlog in 1902; wanneer 'n hele nuwe politieke bestel begin, een waarmee kardinale kultuurhistoriese en sosiologiese veranderinge saamgaan. Daar is dus indirek 'n onderskrywing gedoen van Malan (1988: 31) en van die uitspraak dat

> ... a literary work of art is a response to experience, and it cannot be grasped properly, in social or historical terms, without reference to that experience.
> (Guillén 1984: 425)

Die sleutelbegrip in Guillén se uitspraak is "experience", en die twee "experiences" of ervarings/belewenisse wat dan die konteks vorm waarbinne hierdie geskiedskrywing in *Perspektief en profiel* plaasvind, is eerstens dat dit fokusseer op die Afrikaanse (kulturele) perspektief, en tweedens, dat 'n spesifieke jaartal, naamlik 1902, as vertrekpunt vir die beskouing gekies is. In 'n artikel deur Philip John (1994), kom oortuigende argumente voor dat die huidige diskoers rondom die Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing juis hierdie twee "experiences" problematiseer. John verwys na wat hy noem, die diskoers van die "begin", dit wil sê diskoerse waarin daar vanuit 'n teleologiese en temporele perspektief, die konvensionele "begindatum", en daarmee saam, die tradisie van eksklusiwiteit wat tradisioneel met die Afrikaanse letterkunde vereenselwig is, verwerp word. John se voorstelle vir 'n sinvolle hantering van dié probleem sluit, na my mening, aan by Guillén (1984: 428) se uitspraak dat "literary works are rooted in language and experience, not in nations and race". Dit impliseer in hierdie betrokke geval dat die *Afrikaanse* teks die sentrale plek in 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis sal inneem, maar dat deur kontekstualisering en perspektivering van daardie tekste, die begrip "Afrikaanse letterkunde" tot 'n nie-parogiale, nie-eksklusiewe, nie-dogmatiese identiteit kan ontwikkel. Die Afrikaanse teks word dan beskryf soos wat dit deel vorm van die hele Suid-Afrikaanse bestaanservaring, en, omdat dit binne daardie groter ervaring 'n aantoonbare

individuele aard ontwikkel het. So kry die vraag na waar die Afrikaanse letterkunde 'n aanvang sou neem 'n veelvuldige en gerelativeerde antwoord; want elke "begin" hang dan saam met wát die teks en wié die leser is, en wáároor die diskoers gaan. Soos wat in Brink se *Die kreef raak gewoond daaraan* (1991) en Miles se *Kroniek uit die doofpot* (1991) gedemonstreer is, "begin" die Afrikaanse letterkunde nie in 1875 of gedurende die laat agtiende eeu of selfs in 1652 nie, maar kan die oorsprong teruggevoer word na Camoëns, die Skandinawiese sages, en tot by die oeroue, mondeling oorgelewerde Boesmanstories.

## 5

Om voornemens en riglyne in die praktyk uit te voer, is natuurlik die crux van enige onderneming. Of met die bydrae vir *Perspektief en profiel* die genoemde doelwitte enigsins bereik is, weet ek nie. Die metodes waarvolgens te werk gegaan is, kan ek egter kortliks aan u beskryf.

### 5.1

'n Breë sisteembenadering is gevolg - met as basis die standpunt dat "the history of literature ... is characterized not so much by the operation of full systems as by a tendency toward system and structuration" (Guillén 1984: 376). Hierbenewens word Schmidt se mening onderskryf, naamlik dat

> ... literary systems are hierarchically and historically organized. All components are at the same time autonomous and selfregulating and functionally integrated into the system.
>
> (Schmidt 1985: 289)

### 5.2

Binne die konteks van (kultuur-)historiese periodes word groeperings op grond van geïdentifiseerde temas, narratiewe tegnieke, tendense en verhalende toon gevorm. Hier word dus aangesluit by Guillén (1984) se uitsprake dat "the notion of literary currents is frankly diachronic, dynamic, open-ended and suggestive of relations with historical and social developments" (p. 453), en dat "literary norms, standards and styles will tend to form clusters" (p. 427). Die bestaan van parallelle, teenstrydige en herhalende verskynsels binne die sentrum, of op die rand van die groeperings, word as 'n integrale kenmerk van die sisteem beskryf.

5.3

In Suid-Afrika vorm die sisteembenadering tot die literatuurbeskrywing 'n baie sterker teoretiese basis as wat dit tot dusver inderdaad in die praktyk uitgevoer is. Een eksplisiete toepassing is Viljoen se vergelykende studie van enkele Suid-Afrikaanse romans. Dit is egter veelseggend dat die outeur die betreklike aard van hierdie werkwyse self verwoord as hy skryf:

> ... sisteme is konseptuele strukture en nie werklik bestaande dinge nie. Literêre sisteme is voorstelle vir die ordening van uiteenlopende literêre gegewens tot samehangende gehele.
>
> (Viljoen 1986: 31)

Dat deur die sisteembenadering van 'n verskeidenheid van relevante, en nie slegs strikt-literêre aspekte nie, vir die beskrywing van 'n literêre stroming gebruik kan word, word ook deur Fokkema bevestig. Hy stel verskillende kodes voor waarvolgens 'n stroming geïdentifiseer kan word, waaronder die taalkode, die literêre kode, die genrekode, die tydperk- of gemeenskapskode en die kode gevorm deur 'n individuele outeur se idiolek. Hierdie hele verskeidenheid vorm volgens Fokkema 'n *sosiokode*, en hy meen dat met verwysing na dominante sosiokodes verskillende literêr-historiese verskynsels beskryf kan word (Fokkema 1984: 5-12).

Vir *Perspektief en profiel* is bepaalde strominge binne die twintigste eeuse Afrikaanse prosa op grond van spesifieke kodes geïdentifiseer, en dan as deel van vyf oorkoepelende sisteme beskryf en geïnterpreteer. Die *taalkode* is as die primêre onderskeidende faktor aanvaar, maar verwysings na en beskrywings van tekste in ander Suid-Afrikaanse tale is telkens gedoen om so die aard van die groter sosiokode te kon omskryf. Die vyf groter sisteme word telkens deur 'n historiese periode gekontekstualiseer, en gewoonlik word die gekanoniseerde tekste in die sentrum geplaas. Die veranderlikheid en oorvleueling van patrone en norme blyk baie duidelik uit die beskrywing dat kodes, of "clusters" soos Guillén (1984) dit noem, oor afgebakende tydsperiodes heen voortduur, en in enkeltekste soms radikaal getransformeer word. En met die voordele wat 'n agternaperspektief meebring, kon ek (weer eens met verwysing na daardie eerste kwart van die twintigste eeu) argumenteer dat wat eens nie-literêre, nie-geagte tekste was, in baie gevalle die status en hiërargiserende funksie van die kanon oor die jare heen kon ondermyn. Vir die hedendaagse leser word dit in vele gevalle duidelik dat dit juis nie die gekanoniseerde tekste nie, maar die in baie gevalle vergete, versweë of veragte werke is wat die rykste inligting oor 'n *Zeitgeist* en die boeiendste uitbeelding van mense en mores doen.

Die komplekse vraag na waar die geskiedskrywer moet begin, was in die geval van *Perspektief en profiel*, formeel beskou, geen probleem nie. Die redaksionele besluit was dat 'n afsonderlike afdeling spesifiek aan die twintigste eeu afgestaan sou word. Maar my keuse om daardie afdeling met 1902 as begindatum te skryf, was tog meer as slegs 'n vanselfsprekende handeling. Uitgaande van die begrip sosiokode, kon rondom hierdie datum strominge geïdentifiseer word wat inderdaad met radikale veranderinge op sowel historiese as literêr-kulturele gebied saamgegaan het. Die einde van die Suid-Afrikaanse oorlog, 'n nuwe konstitusionele era, 'n nuwe fase in die verhouding tussen swart en wit Suid-Afrikaners, die oplaai van Afrikaner-nasionalisme en die monstering van swart weerstand, vind op kulturele vlak parallelle in die bedrywighede op veral die Afrikaanse taalgebied. Die stigting van Taalverenigings, die instelling van literêre pryse, die verskyning van tydskrifte en die ontwikkeling van groter algemene geletterdheid onder Afrikaanssprekendes, is almal faktore wat 'n nuwe groep lesers vir 'n nuwe literêre kode kon skep.

In die skryfpraktyk was hierdie begindatum ook nie heeltemal so 'n eenvoudige gegewe nie. Met verwysing na die perspektief op die kanon en op nie-gekanoniseerde tekste, kan die teenwoordigheid van bepaalde kodes oor afgebakende sisteme heen waargeneem word. Ook, of dalk veral, ten opsigte van oënskynlike vasgestelde "tydsgrense", kom dieselfde situasie voor. Analises van enkeltekste en van oeuvres, het die verbande tussen die twintigste eeuse publikasies met literêre verskynsels van voor 1900 blootgelê. En in paragraaf 4.4 hierbo het ek reeds betoog dat in baie van juis heel resente Afrikaanse prosatekste, die sogenaamde "begin" van 'n kode teruggevoer kan word tot dikwels onbepaalbaar vroeëre oorspronge. Om dus die voorkoms van die twintigste eeuse Afrikaanse prosa te beskryf, het soms beteken dat dit juis nie die twintigste eeuse Afrikaanse prosa was wat beskryf is nie!

## 6

Die werkwyse wat hierbo uiteengesit is, word sigbaar gedemonstreer deur 'n raamwerk van hoe die eerste afdeling in die praktyk vorm aangeneem het. Binne die oorhoofse literêre sisteem wat as "Koloniale literatuur" benoem is, word drie opvallende strominge volgens dominante kodes geïdentifiseer en omskryf.

## 6.1 Koloniale literatuur (1902 - 1925)

### 6.1.1 Inleidend

Einde van die Suid-Afrikaanse oorlog, waardeur die gewapende konflik tussen twee wit taalgroepe beëindig word, maar die nuwe Grondwet die spanning tussen wit en swart Suid-Afrikaners formaliseer. Die amptelike erkenning van Afrikaans kom in 1925. Werke reflekteer die kultuurpolitieke ideale van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging, meestal ter ondersteuning, maar soms ook ondermynend. Temas en tegnieke beïnvloed deur 'n negentiende eeuse, Wes-Europese sfeer.

## 6.2 Volkse romantiek

Die strekking van die prosa is idealiserend en "bevestigend" van die Afrikaner se strewe na sosiopolitieke en ekonomiese mag. Selfmitologisering begin; motiewe soos Goddelike bestiering, die plaaswêreld, die Afrikaner as heroïese figuur, avontuur en dapperheid en 'n antipatie teenoor vreemdelinge oorheers. Die belangrikste outeurs is D.F. Malherbe, C.M. van den Heever, C.J. Langenhoven, J.H.H. de Waal en J. van Bruggen. Later word die tendens voortgesit in die werk van F.A. Venter en Dalene Matthee. Hierdie dominante kode word onderskryf deur die bekendste tydgenootlike kritici. Werke van 'n hele groep vroue-outeurs vertoon 'n opvallende teenoorgestelde strekking. In die Engelstalige tekste van Sol Plaatje, Pauline Smith en D. Blackburn word dieselfde milieu vanuit 'n heeltemal kontrasterende perspektief uitgebeeld.

## 6.3 Die blik op Afrika

Tekste verskyn waarin 'n verskeidenheid van uiteenlopende visies op die natuur, die dierelewe en inheemse folklore weergegee word. Die eksotiese, simboliese en realistiese beeld van Afrika kom voor. Oorheersend is die kolonis se blik op 'n gebied wat besit en getem moet word; dus "wit" weergawes van inheemse legendes en sprokies. Die bekendste outeurs is Sangiro, die Hobson-broers en G.R. von Wielligh. In Engels publiseer Sir Percy Fitzpatrick en Ethelreda Lewis soortgelyke verhale. Later sit P.J. Schoeman, Doc Immelman en Jan J. van der Post die tendens voort.

### 6.4 'n Afrikaanse estetisisme

'n Tendens volkome in stryd met die heersende kodes: 'n uniek Afrikaanse weergawe van die Europese *fin de siècle* in aansluiting by die negentiende eeuse dekadentisme en simbolisme.

Belangrikste outeurs is Eugène N. Marais, C. Louis Leipoldt en in 'n mindere mate H.A. Fagan en J.F.W. Grosskopf. Ook Sangiro met "Koors" en C.M. Van den Heever se *Kromburg*. Later sigbaar by Hettie Smit, I.D. du Plessis, Hennie Aucamp, Koos Prinsloo en A.H. de Vries.

## 7

Van Vuuren (1991) en Malan (1988) is twee van die baie stemme wat gedurende die afgelope jare opgeklink het om te vra dat daar vergelykende studies oor die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse letterkunde volgens een oorkoepelende sisteem geskryf moet word. *Perspektief en profiel* bied egter nie die geleentheid ("purpose-orientated") of ruimte (bladsybeperking) om direk aan so 'n onderneming deel te hê nie. Dit is dus die taal en ervaring van die Afrikaanssprekende of Afrikaansskrywende wat in fokus kom. Slegs gepubliseerde tekste wat deur skrywer en uitgewer as letterkundige werke aangebied is, of wat in retrospeksie só deur lesers beoordeel is, is in die sisteem opgeneem. En so lyk dit dus of ek, na lang kronkelweë, tog weer terug is by Lindenberg se uitgangspunt.

Wat die bydrae vir *Perspektief en profiel* egter wou doen, was om Afrikaanse tekste te lees as komplekse samehange van narratiewe elemente, van verbeeldingsvlugte en van lewensbeskouings waarin, onder meer, reaksies op deelname aan en vooruitskouings van tydgenootlike en toekomstige leefsituasies waargeneem kan word. En ook om, soos Guillén dit stel:

> ... to strive through the apparently linear sequence of events, to recapture the structures available in the tumultuous and partially chaotic course of history.
> (Guillén 1984: 510)

'n Mens sou dus kon beweer dat in hierdie nuwe uitgawe dit nie soseer literatuurgeskiedskrywing nie, maar eerder literêre geskiedskrywing is wat plaasgevind het. Die literêre teks is gesien as 'n integrale deel van die tydgenootlike diskoers. Nie net omdat dit kommentaar op bestaande toestande lewer nie, maar veral weens die kreatiewe deelname daarvan aan die ondersoek na ons afkoms, identiteit, posisie en toekoms in hierdie veelvormige samelewing. Om Thomas se woorde uit die teoretiese denkraam

van die Nuwe Historisisme aan te haal:

> ... *the point is not to show that the literary text reflects the historical event,* but to create a field of energy between the two so that we come to see the event as a social text, and the literary text as a social event.
>
> (Thomas 1991: 39)

Elke waarnemer en verslaggewer van die literêre diskoers bring, na my mening, slegs nog 'n perspektief op die komplekse interaksie tussen teks en maatskappy. Ons lewe in 'n tyd waarin sowel onwrikbare oordele as vooroordele ontmasker behoort te word, sê Ronald Soetaert in 'n essay getitel "De literaire canon onder vuur" (1992: 15-19). In die geval van *Perspektief en profiel* het dit meegebring dat die bestaande kanon van literêre oordele en aannames deurlopend bevraagteken, dikwels versteur, soms gewysig, maar hopelik altyd op gemotiveerde wyse verruim is. Daar is egter nie in so 'n mate gerelativeer of ondermyn dat geen kommunikasie of bruikbare kennisoordrag kan plaasvind nie. Dis immers ook Thomas wat, hoewel met verwysing na Noord-Amerikaanse toestande, verklaar het dat:

> ... as the debate over the canon, the numerous efforts to resconstruct literature and the newly completed and proposed literary histories demonstrate, there is a concerted effort to make representations (of our country's) literary past more *usable* to its present population.
>
> (Thomas 1991: 25)

My doelstelling was om, vir die huidige, 'n bruikbare beskrywing van die aard van die twintigste eeuse Afrikaanse prosa te doen. Daarvoor moes uit 'n enorme hoeveelheid gegewens geselekteer en gestruktureer word. Dat dit vanuit 'n persoonlike en beperkte perspektief geskied het, is juis 'n uitnodiging aan, en uitdaging vir verdere en verruimende bydraes hierna.

*Slotreferaat gelewer by die SAVAL-kongres te Potchefstroom op Saterdag 27 Maart 1993.

## Verwysings

Bertelsman, R.
1991 Oor yster, ywer en eienaarskap. Voorstelle vir 'n herinterpretasie van D.F. Malherbe se *Hans-die-skipper*. *Karring* 2: 11-14.

Botha, E.
1988 'n Herevaluering van benaderings tot geskied- en kroniekskrywing. In: Wiehahn & Roodt (reds.) *Teks en tendens* 1988: 1-6. Pretoria: Owen Burgess.

Coetzee, A.
1990 *Letterkunde en krisis: 'n Honderd jaar Afrikaanse letterkunde en Afrikaner-nasionalisme*. Johannesburg: Taurus.

De Jong, M.
1989 *'n Ander Afrikaanse letterkunde*. Marxistiese en sosiaalgerigte teksopvattings. Pretoria: RGN.

De Villiers, H.
1995 D.F. Malherbe. Bydrae vir die sesde hersiene uitgawe van *Perspektief en profiel* (ongepubliseerd).

Fokkema, D.W.
1984 *Literary History, Modernism and Postmodernism*. The Harvard University Erasmus Lectures 1983. Amsterdam: John Benjamin.

Gérard, A.S.
1993 *Comparative Literature and African Literatures*. Pretoria: Via Africa.

Grobbelaar, M.
1991 Die bose skoonheid. Verskyningsvorme van die estetisisme en dekadensie in die Afrikaanse prosa met toespitsing op die werk van Hennie Aucamp. Ongepubliseerde D.Litt et Phil-verhandeling. Universiteit van Suid-Afrika: Pretoria.

Guillén, C.
1984 *Literature as a System. Essays Toward the Theory of Literary History*. Princeton University Press.

John, P.
1991 Die Afrikaanse prosa, 1918-1926: Brandpunt van die geboorte van 'n nuwe bewussyn. *Literator* 12(2): 107-120, Augustus.
1994 Diskoerssamehange van die Afrikaanse literatuur-geskiedenis (ongepubliseerd).

Lamprecht, N.C.
1992 Die aard van Afrikaanse outobiografiese geskrifte deur gevangenes en ballinge: Die Suid-Afrikaanse oorlog 1899-1902. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Universiteit van Natal: Durban.

Lindenberg, E.
1965 *Onsydige toets. Letterkundige opstelle*. Kaapstad: Academica.

Malan, C.
1990 Literatuurgeskiedskrywing as 'n Suid-Afrikaanse kulturele diskoers. In: Malan & Jooste (reds.) *Onder andere. Die Afrikaanse letterkunde en kulturele kontekste.* Pretoria: ALV-Unisa.

Malan, C. & Jooste, G. (reds.)
1990 *Onder andere. Die Afrikaanse letterkunde en kulturele kontekste*. Pretoria: ALV-Unisa.

Nethersole, R.
1987 Literary History after Foucault? *Tydskrif vir literatuurwetenskap* 3(2): 1-11.

Nienaber, P.J.
1982 *Perspektief en profiel*. Vyfde hersiene uitgawe. Johannesburg: Perskor.

Ntuli, D.B. & Swanepoel, C.F.
1993 *Southern African Literature in African Languages*. Pretoria: Acacia.

Roos, H.M.
1990 Verskyningvorme van die simbolisme in die ouer Afrikaanse vertelkuns. *Literator* 11(1): 13-34.
1992 Drie "Dames"-romans. *Tydskrif vir letterkunde* 30(2): 41-52.

Schmidt, S.J.
1985 On Writing Histories of Literature. Some Remarks from a Constructivist Point of View. *Poetics* 14: 279-301.

Schoonees, P.C.
1927 *Die prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging*. Tweede uitgawe. Pretoria: De Bussy.

Soetaert, R.
1992 De literaire canon onder vuur. *Nieuw Wereld Tijdschrift* 9(6): 15-19.

Thomas, B.
1991 *The New Historicism and Other Old-fashioned Topics*. Princeton University Press.

Van Vuuren, H.
1991 Afrikaanse of Suid-Afrikaanse letterkunde? 'n Kritiese kyk na die Kannemeyer- en Coetzeemodelle van Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing. *Stilet* 3(2): 63-77.
1994 Recent Changes in South African Literary Historiography: Theory and Practice. *Journal of Literary Studies* 10(3/4).

Viljoen, H.
1986 *Die Afrikaanse romansisteem anno 1981. 'n Vergelykende studie*. Potchefstroom: PU CHO.

Wiehahn, R. & Roodt, P. (reds.)
1988 *Teks en tendens*. Verrigtinge van die 1986-Hoofkongres van die Afrikaanse letterkundevereniging 11-13 September. Pretoria: Owen Burgess.